

Dinsdag 21 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-7

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:3

Ons dra ons ontberings in Jesus se oorwinning!

In die brief 2 Timoteus lees ons dat Paulus (die skrywer) deur swaar tye gaan. Hy is in boeie soos 'n misdadiger en hy word alreeds as drankoffer uitgegiet. Paulus skryf vir sy geliefde geestelike seun, Timoteus, nie om hom weg te wys van die lydingspad nie, maar om hom aan te spoor om die pad aan te pak.

Paulus gebruik drie beelde om Timoteus aan te spoor: die Romeinse soldaat, die atleet, en die boer.

Die soldaat was opgelei sodat sy grootste begeerte sou wees om sy offisier en Rome te dien. Hulle was bereid om lang ure te stap, te veg en selfs dood te gaan vir die werk wat hulle verrig.

Die atleet was ook bereid om swaarkry te beleef om sy werk te doen. Hy het sy liggaam tot die uiterste gestoot. Met die wedloop self is daar ook reëls waaraan hy moet voldoen.

Die boer het ook hard gewerk. Vroegoggend opgestaan en harde arbeid in die veld gaan verrig. Maar daarom was hy geregtig op die eerste van die oes.

In al drie hierdie beelde word daar swaarkry veronderstel, maar swaarkry as gevolg van die werk wat gedoen word. Swaarkry as gevolg van dit wat hulle najaag. Die goedkeuring van die offisier, die oorwinnaarskroon, die eerste oes. Ons is in die bevoorregte posisie dat ons seker is dat ons al klaar die loon ontvang het. Ons het al klaar deel aan Christus se oorwinning oor die dood, en ontvang al die seën wat dit bewerk het. Daarom kan ons nou al die ontberinge wat na ons kant toe kom, dra.

Sing: Skrifberyming 5-4:1-6

Ds. Zander van't Zand (Middelburg-Noord)